# RIAAN TOLKEN

*5 Mei 1965-18 September 2024*



Wat n legende!!! ‘n Man wat voluit geleef het vir sy Skepper, sy familie, sy vriende en sy beroep (en Land Rovers natuurlik 😉)

Riaan, jy is te vroeg van ons weggeneem, maar ons weet jy sit aan jou Skepper se voete -gelukkig en vol vrae. Jy sal onhou word vir jou geloof en diensbaarheid. Jy was altyd bereid om te help; of dit nou met n uitreik by die kerk was of by die skool. Jou werk was vir jou baie belangrik en jy het dit altyd met passie en oorgawe gedoen, maar jou menswees was meer belangrik.

Ons sal almal al die goeie tye onthou. Al die mooi stout goed op Onderstepoort, al die braaie op die balkon! Jy het altyd alles met oorgawe gedoen (studies het dalk soms aan die agterspeen gesuig) Soos jy altyd gesê het; jy het dubbel seker gemaak jy word n goeie veearts deur ekstra tyd op OP te spandeer. Selfs in jou weermag opleiding het jy alles gegee by 7 Medies - al het ons geweet ons gaan nie meer 2 jaar doen nie.

Rugby was nog altyd jou passie en ten spyte van beserings wat jou tot op die laaste geteister het, het jy altyd jou beste gegee. By jou diens het jou rugby pelle opgedaag wat nog steeds vriende was na al die jare!

Hoe sê n mens totsiens? Deur dankie te sê? Dankie dat jy altyd vir jou kinders die regte voorbeeld gestel het. Hulle het altyd gesê jy was te streng, maar vandag waardeer hulle die dissipline en weet jy dat hulle reg die lewe ingestuur het. Al is jy nie meer daar nie weet hulle wat die regte ding is om te doen en sal hulle jou altyd saam met hulle dra in hul harte.

Linda gaan jou die meeste mis. Julle was soveel jare saam en het soveel goeie dinge saam beleef. Haar enigste troos is dat sy weet waar jy is, en dit is ook waar jy gelukkig is. Maklik gaan dit nooit wees nie maar sy sal al die herinneringe koester. Daar is soveel om nog te sê maar alles voel net soos leë woorde op hiedie stadium.
Ons gaan jou mis my vriend!!! Jy was n wonderlike man, pa, vriend en kollega!!!

Rus sag tot ons mekaar eendag weer sien. Ons weet jy gaan Jesus besig hou 😉

Johann van Niekerk